HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT
GHOLF

Daar is tans 62 Klofie-spelers by Hoërskool Waterkloof se gholf betrokke. Ons poog om gholf en die Gholfakademie by die skool opnuut as die beste en mees vooraanstaande gholfskool in die land te vestig, asook om op die gesonde gholfkultuur by Hoërskool Waterkloof voort te bou.

DOELWITTE

- 'n Hoëprestasie gholfsentrum waar 'n gholfsimuleerder en flightscope- tegnologie gebruik word ten einde die heel beste geleentheid vir ons spelers te bied om hulle volle potensiaal ten opsigte van vaardighede, tegniek, temperament, karakter en prestasie in gholf te bereik.
- Om maksimale deelname teen toonaangewende skole en toptoernooie te verseker en om al die toptoernooie deurlopend te wen.
- Om beginnerspelers so gou as moontlik toe te rus om gholf positief te ervaar en voorgeë van spelers met 'n hoë voorgee te verbeter.
- Om goeie spelers met 'n lae voorgee wat persoonlike afrigters het, in samewerking met Johan van Vuuren van Passion for Golf te evalueer en sportwetenskaplikes te betrek om 'n hoër vlak van spel te verseker.
- Om soveel moontlike spelers in provinsiale spanne te laat speel.
- Om deur die gholfakademie se goeie strukture wat in plek is en die sukses van hoe gholf bedryf word, aan te hou om deurlopend nuwe spelers te werf.

AFRIGTING

Hoofafrigter: Johan van Vuuren (PGA-kwalifikasie)
Christine Hare: Gholfakademie graad 8 en 9, eerste- tot derdespan Voorsitterstrofee en Toernooie.
Personeel is betrokke by die afrigting van die ander spanne.

NAVRAE

Christine Hare
christine.hare@klofies.co.za

KOSTES

Slegs toernooikoste en soms baanfooie.

DEELNAME

Klofies neem vanaf Februarie tot Mei aan die Gauteng-Noord Hoërskole Voorsitterstrofee se somerliga deel en vanaf Julie tot September aan die Gauteng-Noord Hoërskoleliga. Ander toernooie sluit die Gauteng-Noord Hoërskole Spantoernooi en Uitdaagtoernooi in. Ons neem ook aan alle aktiwiteite wat deur Gauteng-Noord Hoërskole vir proewe en kwalifikasie vir SA Hoërskole en die Gauteng-Noord IPT-span wat deur die Suid-Afrikaanse Hoërskole Vereniging aangebied word, deel. Ander toernooie waaraan deelgeneem word, is die Pecanwood-Toernooi (Pirie Cup), Affie-toernooi, Grey PE Juniortoernooi en soms neem ons ook aan die Woodlands- en Sun City-toernooi deel.

SPESIALE VEREISTES

Leerders wat wel gholf kan speel vir buitemuurse deelname.

OEFENTYE

Die meeste spelers het hulle eie afrigters en oefen op verskillende tye.

#grensloos